# WYSHEID_6

Tema: **1. PILARE VAN DIE AARDE**
**En**
**2. Bespreking: HEILIGE VOORWERPE**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: 1 SAMUEL 2:9**

**1 Samuel 2:8 Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n erestoel te laat beërwe. Want aan die HERE behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig.**

**Spreuke 9:1 Die Wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekap,**

**Spr 9:4 Wie eenvoudig is, laat hy inkom hierheen, wie verstandeloos is, vir hom sê sy:**

**Spr 9:5 Kom, eet julle van my brood, en drink van die wyn wat ek gemeng het;**

**Spr 9:6 laat staan die eenvoudigheid, dan sal julle lewe, en betree die weg van verstand.**

-o0o-

## Die Feesmaal van die Wysheid

Vanmôre wil ek 'n skat wat so diep in my hart gespreek het, met julle deel wat ek in die Bybel lees en uit die Troonkamer van die Vader ontvang het. *(Ons het in die Salwings kursus Spreuke 9 behandel.)*

**Spreuke 9:1 Die Wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekap,**

Die huis wat die Gees van Wysheid in hierdie dae bou, is die derde tempel, wat gevestig is op die sewe pilare.

Dan sê die Woord wie ***eenvoudig is, wie verstandeloos is*** kom in, kom eet saam met my brood. Kom drink saam met my wyn.

**Spr 9:6 laat staan die eenvoudigheid, dan sal julle lewe, en betree die weg van verstand.**

- Die Gees van Wysheid nooi die eenvoudiges en verstandelose om een te word met Haar.

## Die Geringe word Verhoog

Vanoggend gee die Here vir my hierdie fenomenale Skrif gedeelte:

**1 Samuel 2:8 Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n erestoel te laat beërwe. Want aan die HERE behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig**

Daar was dae toe ons maar stukkend en gebroke was. Ons was ellendige mense, vêr verlore, wat in die stof gelê het en vertrap was deur die wêreld. Ons het nie regtig 'n plek gehad waaruit ons kon funksioneer nie.

-o0o-

**Gebonde**

Die persoon wat ***uit die ashoop verhef*** word is daardie gebonde persoon, wat deur satan verniel was, soos die meeste van ons maar was.

Die ***behoeftige*** wat Hy verhef, is die persoon met soveel tekorte. Die seëninge en mooi dinge wat die Here eintlik voor die grondlegging van die wêreld alreeds vir ons beskikbaar gestel het, het satan ons van beroof.

**Transformasie**

Die Here sê dat Hy die geringe oprig ***om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n erestoel te laat beërwe.***

- Dit is daardie kosbare transformasie proses, om ons uit daardie put te haal.
- Dit is die ewigheid, waar ons die erestoel beërwe, om saam met die Bruidegom in die ewigheid te heers.

Onthou, in die begin was hulle ***die geringe*** uit die stof. Hulle was uit die ashoop gewees en hulle het behoeftes gehad. Kyk wat sê hy nou na hierdie proses.

**Standvastig**

***Want aan die Here behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig.*** Ons is nou nie meer geringes uit die stof nie. Ons is nie meer op 'n ashoop nie. Ons is nie meer behoeftiges nie.

- Die Here noem ons nou ***die pilare van die aarde***.

Dit is waarop God se Koninkryk, die Koninkryk van die hemel hier op aarde, wat die Koninkryk van God geword het, gebou is.

- Hy het Sy Koninkryk gebou op die geringes,
    - wat Hy uit die stof gehaal het,
    - wat van die ashope weg gevat is en
    - wat vol behoeftiges was.

**Genade – Nuwe begin**

Hy het ons opgerig om <u>pilare</u> te wees vir die aarde, waarop Hy die hele wêreld kan vestig. Dit is waarom Hy sê dat Hy ons sal laat sit by die vorste en ons 'n erestoel sal gee, om eendag saam met Christus in die ewigheid te beërwe. Wat 'n guns is dit wat ons uit God se oë en uit ons Vader se hand ontvang!

- Ons het niks verdien nie Dit is alles genade!

As 'n mens hierdie gedeelte lees, raak jy eintlik emosioneel en wonder dan wat ons gedoen het, om soveel guns in die oë van Hom te kon vind. Wat het ons gedoen dat Hy soveel genade, lankmoedigheid en verdraagsaamheid teenoor ons het?

Elkeen van ons het ons eie storie van hoe ons weggehardloop het, toe ons gevlug het, die hardkoppigheid en alles wat daarmee gepaard gegaan het. Tog het God ons met soveel liefde hanteer, soos met Jeremia se pottebakker (Jeremia 18). Toe daardie klei misluk en in die sand val, het die pottebakker dit met die grootste liefde opgetel, die stokkies, klippies en alles uit gehaal . Alles wat hierdie mislukte klei opgetel het langs die pad, alles van die ashoop wat aan ons gekleef het, haal Hy uit en Hy maak ons skoon.

**Bruikbaar**

Hy neem ons en Hy maak van ons 'n nuwe voorwerp.

-o0o-

Ons kan nie anders as om so 'n God net lief te hê, te dien, te eer en Hom te verheerlik nie. Ons kan dan nie anders as om "dankie Vader" te sê nie.

*Dankie Here dat U ons, as ellendige swak behoeftige mense, uit die stof en uit die ashope laat opstaan het. Toe ons dit nie self kon doen nie, toe ons nie self daardie proses kon vervul nie, Here, het U ons uit die stof opgerig, sê die Woord. U het ons uit die ashoop opgetel. U het ons gevat en U het al daardie ou, vuil, smerige, gebonde lelike dinge van die ashoop van ons af weggeneem. Toe satan ons beroof het van al ons behoeftes, Here, het U gekom en U het ons gevat. U het ons vertroetel en U het ons teen U bors vas gedruk en gesê dat U hier is, dat U ons Vader wil wees.*

Hy wil ons God wees. Hy wil aan al ons behoeftes voorsien. Hy vra dat ons net vir Hom kans moet gee, sodat Sy Heilige Gees ons kan help, sodat Sy Seun ons kan was om ons skoon en rein te maak met Sy bloed.

Die Here het dit gedoen, maar dit is nie waar Hy ons gelos het nie. Hy het ons weer krag gegee. Hy het in ons behoeftes voorsien.

- Die Woord van die Here sê dat Hy van ons pilare van die aarde gemaak het.

Nie net 'n pilaar nie, Hy het die hele wêreld, die hele evangelie, die Koninkryk van God, die Koninkryk van die Hemele wat aarde toe gekom het, in Christus Jesus, op ons kom bou.

- Die hele wêreld is afhanklik van ons gebede.
- Die hele wêreld is afhanklik van ons hulp.
- Die hele wêreld is afhanklik van hierdie lewende evangelie wat Hy in ons gesit het. Niks kan bestaan sonder hierdie ware, lewende en heilige evangelie nie, want dit is die enigste lewe. Hy het gekies om dit vir ons te gee.

*Vader opnuut wil ons vandag net sê, Here, dat ons hier is. Wees ons Vader. Seun van God, wees ons Verlosser. Wees U vir ons die bloed. Wees U vir ons die reiniging. Wees U vir ons daardie redding, verlossing, vrymaking en daardie genesing.*

*Heilige Gees, wees U vir ons die heiligmaking. Louter ons, suiwer ons, transformeer ons, leer ons meer van U Seun. Help ons om ware, kragtige, lewende pilare te kan wees op hierdie aarde, waarop U die hele wêreld kan grondves.*

*Dankie Here, weereens, vir so 'n groot voorreg. Dankie Here vir die beloftes wat U vir ons gegee het en dat ons saam met vorste sal sit. Dankie dat ons 'n erestoel sal beërwe aan die sy van Christus Jesus, om die ewigheid te kan bestuur. Dankie Here. Dankie vir hierdie lewende, wonderlike kosbare evangelie. Mag U naam altyd verheerlik word in Jesus naam. Amen.*

-o0o-

**Jeremia 18:1** Die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het:

Jer. 18:2 Maak jou klaar en gaan af na die huis van die pottebakker, en daar sal Ek jou my woorde laat hoor.

Jer. 18:3 Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker, en hy was juis besig om 'n stuk werk op die skywe te maak.

Jer. 18:4 En die voorwerp wat hy besig was om te maak, het misluk—soos dit gaan met klei in die hand van die pottebakker—maar hy het daaruit weer 'n ander voorwerp gemaak soos dit in die oë van die pottebakker reg was om dit te maak.

Jer. 18:5 Toe het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:

Jer. 18:6 Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? spreek die HERE. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!

-o0o-

# HEILIGE VOORWERPE
## (Die Sewe Geeste van God)

Jerniel Barth beantwoord ‘n luisteraar (LM) se vraag oor die **heilige voorwerpe** van die Here in Jesaja. 52: 11.

**Jesaja 52:11 Vertrek, vertrek, gaan weg daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die HERE!**

### Wat is die Heilige Voorwerpe?

Die tempel van die ou testament is simboliek aan die derde tempel van vandag wat in die laaste dae opgebou word deur die Heilige Gees. Daarom het ons die Heilige Gees so nodig in hierdie dae, nie net om van Hom te hoor of te ken nie, maar om **in** 'n persoonlike verhouding met al Sy persoonlikhede te staan.

### Wie is die Heilige Gees en wat is Sy persoonlikhede, naamlik die sewe Geeste van God?

(Lesing: Wysheid 1)

**Jesaja 11:2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.**

1. Die Gees van die Here.
2. Die Gees van Verstand.
3. Die Gees van Wysheid.
4. Die Gees van Kennis.
5. Die Gees van Raad.
6. Die Gees van Sterkte
7. Die Gees van die Vrees van die Here.

Hierdie sewe Geeste word gesimboliseer in die Bybel as die **Heilige voorwerpe** wat in die tempel is, asook die **sewe raadsmanne** van Esra 7:14, asook die sewe oë van die Heilige Gees en ook die sewe arms van die Menora.

Dit is die heilige voorwerpe, of die sewe Geeste van God, wat in die liggaam van Christus Jesus in die derde dag besig is om die tempel op te bou soos Christus gesê het, dat Hy dit weer sal opbou.

Die tempel is alleenlik tempel omdat die sewe Geeste van God daarin woon. Ons moet daarom die sewe Geeste van God ken, lewe en 'n baie persoonlike verhouding met elkeen hê, andersins kan ons baie maklik mislei word deur die nabootser (counterfeit), soos in Esegiël 43:8 verduidelik word. Drumpel teen drumpel, deurpos teen deurpos.

### Menora

Die middelste staander van die Menora simboliseer “the branch of righteousness”, (Spruit van Geregtigheid)

- waaruit allerhande bedienings van die Gees vloei,
- wat ook die regop paal van die kruis simboliseer,
- drie lamp staanders aan elke kant wat die uitreik na die mensdom.

Daarom was daar aan elke kant van Christus 'n rower geplaas, wat die wêreld simboliseer. Een het Sy hand aangeneem en die ander een het dit weggewys.


-o0o-

**Luisteraar**: Sjoe Jerneil, baie dankie vir jou antwoord, hoe kosbaar dat die Gees vandag toe met my ook die onderwerp hanteer. Oom Gert ek onthou die gedeelte in Jesaja 11:2 baie goed. Ja en om die 7 (sewe) Geeste van God (Jesus) te pas met die Heilige Voorwerpe, bring vanoggend vir my 'n openbaring. Die simbool ook van die menora kom nou ook by my op wat ek voorheen gehoor het. In die Joodse gebruik was die kandelaar in die middel met olie gevul. Sodra die middelste gedeelte vol was, het dit oorgeloop na die sy takke - die eerste en middelste kers (lont) wat dan eerste gevul word. Die Gees van die Here, wat dan oorloop en al die ander 6 vul.

-o0o-

**THE HOLY MENORAH**

The holy menorah (מְנוֹרָה) was formed from one piece of pure beaten gold weighing 3,000 shekels of silver (nearly 100 pounds). It was a highly decorative work that had seven branches (with seven lamps), nine flower blooms, eleven fruits, and twenty two cups. According to the Talmud, the menorah measured eighteen *tefachim* (i.e., "palms") in height (from the base to the start of the lamps), or roughly 5.25 feet. It is called the "lamp of God" (נֵר אֱלֹהִים) in the Scriptures (1 Sam. 3:3).




Sagaria 3:9 Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het—op die een steen is daar sewe oë; kyk, Ek sal sy graveersel graveer, spreek die HERE van die leërskare, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg.

Sag 4:10 Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe—die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop—met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel?

-o0o-

Openbaring 5:6  En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.

Eségiël 43:8  deurdat hulle hul drumpel by my drumpel gemaak het en hul deurpos langs my deurpos, sodat net die muur tussen My en hulle was; en hulle het my heilige Naam verontreinig met hulle gruwels wat hulle bedryf het, sodat Ek hulle in my toorn verteer het.

-o0o-